

MEGANISASIEKOSTE TOON KLEIN STYGING

Deur

Dr PHILIP THEUNISSEN
COMPUTUS BESTUURSINLIGTING (EDMS) BPK
www.computus.info

Meganisasiekoste beslaan ongeveer 'n derde van totale produksiekoste van die vernaamste akkerbougewasse. In die geval van droëland koring sal die totale koste van al die bewerkings vir die komende seisoen ongeveer R1,050.00 per hektaar beloop terwyl dit vir droëland mielies nagenoeg R1,150.00 per hektaar sal beloop. Hierdie koste sluit onderhoud en herstelwerk, brandstof asook die werktuie se operateurskoste in.

Twee jaar gelede het meganisasiekoste 'n uitermatige skerp styging getoon toe die wisselkoers drasties verswak het. Die jongste beramings wat vir die komende seisoen (2004/2005) deur COMPUTUS gedoen is toon egter dat hierdie koste se stygings getemper is en was dit nie vir die skerp toename in brandstofpryse nie, sou dit selfs 'n daling teenoor die vorige jaar getoon het.

Die meegaande tabel bevat die bewerkingskoste van die vernaamste akkerbougewasse vir 2003/04 en ook vir 2004/05. Die totale koste toon 'n gemiddelde styging van R60.31 per hektaar vanaf die vorige jaar. Aartappels se bewerkingskoste, waarby die sortering ingesluit is, is die hoogste naamlik R2,338.12 per hektaar terwyl droë bone se bewerkingskoste die laagste is, naamlik R979.30 per hektaar. Die bewerkingskoste van aartappels het ook die grootste styging vanaf die vorige jaar getoon naamlik R335.41 per hektaar, oftewel 16%.

Onderhoud & herstel

Die onderhoud- en herstelgedeelte van totale meganisasiekoste toon 'n gemiddelde daling van R16.80 oor al die gewasse. Dit kan toegeskryf word aan die verstewiging en stabiliteit in die wisselkoers wat tot gevolg gehad het dat die pryse van werktuie en ook die pryse van onderdele oor die algemeen gedaal het. Die uitsondering is egter die pryse van plaaslik vervaardigde goedere aangesien 'n skerp styging in staalpryse beteken dat plaaslike goedere se pryse gestyg het. Daarom toon die onderhoud- en herstelkoste van aartappels byvoorbeeld 'n skerp styging aangesien die meeste werktuie vir hierdie gewas plaaslik vervaardig word.

Die pryse van trekkers het aansienlik gedaal teenoor dié van 'n jaar gelede. So ook het die pryse van byvoorbeeld balers, planters en stropers, wat alles grootliks oorsee vervaardig word, gedaal. Hierdie dalings kring noodwendig ook uit na die onderhoud en herstel van daardie werktuie en vandaar dus die daling in uitgawes.

Brandstof

Die meegaande tabel toon dat brandstofkoste vir al die gewasse met gemiddeld R67.23 per hektaar gaan styg. Dit beloop 33.8% meer as wat dieselfde koste vir die vorige jaar was. Die styging in brandstofkoste is die gevolg van 'n skerp styging in die internasionale prys van ru-olie. Hierdie styging is dus onvermydelik en gaan meebring dat die brandstofkoste alleen gemiddeld R266.28 per hektaar vir die gewasse gaan beloop. Die brandstofkoste van aartappels is R497.47 per hektaar terwyl dié van droë bone slegs R200.05 per hektaar beloop. Brandstofkoste beloop ongeveer 21% van die totale meganisasiestekoste.

Operateurskoste

Operateurskoste beloop gemiddeld R81.97 per hektaar vir die gewasse in die meegaande tabel. Dit sluit die koste van die trekkerdrywer en ook enige ander betrokkenes by werktuie in soos arbeiders wat die planter beman, handlangers wat help om saad- en kunsmisbakke vol te maak en enige verdere arbeid wat nodig is om bystand by 'n bewerking te verleen.

Die operateurskoste styg met 13.7% vanaf die vorige jaar. Dit is dus meer as wat die minimum loon vir die landbousektor voorgeskryf het.

Ten slotte

Sonder bewerkings kan 'n gewas nie geplant word nie en kan dit ook nie geoes word nie. Meganisasie is dus 'n onontbeerlike deel van die produksieproses. Die koste van werktuie is hoog en die koste om sulke werktuie in stand te hou en operasioneel aan te wend is net so hoog. Gevolglik vorm meganisasiestekoste 'n groot deel van totale produksiestekoste. Die geringe styging in totale meganisasiestekoste vir die komende produksieseisoen is dus te verwelkom.

BETHLEHEM
Junie 2004

TABEL: VERGELYKING VAN MEGANISASIEKOSTE TUSSEN 2003/04 EN 2004/05

Bewerking	Onderhoud & herstel		Brandstof		Operateurskoste		Totale koste	
	2003	2004	2003	2004	2003	2004	2003	2004
	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha
Mielies:								
- Ploeg	911.28	886.57	172.95	231.40	74.10	84.47	1,158.33	1,202.44
- Tand	1,070.55	1,016.68	237.65	318.24	88.88	101.42	1,397.08	1,436.34
Sonneblom:								
- Ploeg	932.83	913.67	182.97	244.86	69.60	79.98	1,185.40	1,238.51
- Tand	932.54	894.42	165.77	221.94	66.70	76.77	1,165.01	1,193.13
Koring:								
- Ploeg	793.61	748.24	193.85	259.22	60.16	69.45	1,047.62	1,076.91
- Tand	810.49	733.10	182.51	244.18	58.78	67.95	1,051.78	1,045.23
Bone	742.37	719.31	149.56	200.05	51.80	59.94	943.73	979.30
Soja's	799.03	774.81	165.87	221.93	56.68	65.39	1,021.58	1,062.13
Aartappels	1,509.90	1,708.34	372.28	497.47	120.53	132.31	2,002.71	2,338.12
Sorghum	820.62	782.96	150.41	201.27	59.61	68.50	1,030.64	1,052.73
Grondbone	907.85	868.21	215.75	288.52	86.21	95.48	1,209.81	1,252.21
Gemiddeld	R 930.10	R 913.30	R 199.05	R 266.28	R 72.10	R 81.97	R 1,201.24	R 1,261.55
Styging	R -16.80	-1.8%	R 67.23	33.8%	R 9.87	13.7%	R 60.31	5.0%